HOËRSKOOL PIETERSBURG

Dorpstraat 125, Polokwane, 0699
Tel: (015) 297 3201/2, Faks: (015) 297 3203
phs@pieties.co.za, www.pieties.co.za

20 Januarie 2017

Kultuurorganiseerder

VERITAS SPANREDENAARS 2017

Hoërskool Pietersburg bied in samewerking met Veritas Inc. (Rekenmeesters en Ouditeure) die eerste spanredenaarskompetisie in Limpopo aan. Spanredenaars gaan oor interaksie tussen sprekers,aanbieding voor 'n gehoor en baie pret. Aangesien die kompetisies oorwegend in Gauteng aangebied word, wat die vervoerkoste hoog maak, het ons besluit om 'n plaaslike kompetisie aan te bied om soveel meer leerders blootstelling aan die heerlik saampratery te gee.

Neem kennis van die volgende:
Datum: 6-8 Maart 2017
Tyd: 14:30
Plek: Hoërskool Pietersburg
Inskrywingsgeld: R100/span

Die toesprake kan oor enige onderwerp gaan, maar moet **beredenerend** wees. Elke span bestaan uit 4 lede waarvan een lid as voorsitter optree. Dit is 'n redenaarstoespraak en nie 'n gedramatiseerdevoordrag nie - gemotiveerde bewegings word wel toegelaat. Elke span moet 'n A4-grootte inligtingsblad by die beoordelaar inhandig wat die volgende inligting bevat: onderwerp, lede en elke lid se standpunt. Die **tydsduur** van die toespraak is 12-15 minute.

Daar word **twee** spanne per graad toegelaat om in te skryf. Die wenspan in elke graadgroep ontvang R400, die tweede plek R200 en die derde plek R100. Die sluitingsdatum is **Vrydag 24 Februarie 201**7.

Ons sien daarna uit om al u redenaars by PHS te ontvang. Indien daar enige navrae is, kan u gerus vir Mev. Magda Thiart (0829749800) kontak.

VERITAS